

**Saterdag 24 September**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-16**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:13**

**Verlang in geloof na die stad wat God vir jou berei het, dan sal jy nie  
moedeloos word nie**

Die Hebreërs is uit koers geslaan met al die verdrukking en verleiding wat hulle beleef het. Die Here gee in Hebreërs 11 'n kompas aan hulle om hulle geloof en lewensrigting op die regte koers te hou en Hy wys hulle op die geloofshelde uit die ou tyd. Dit was mense wat almal volgens vers 13 in die geloof gesterf het sonder om die beloftes in hierdie lewe te verkry – hulle het dit net uit die verte gesien en geglo en begroet.

Abraham is so 'n voorbeeld. God het in sy verbond met Abraham aan hom 'n land beloof. Abraham het in gehoorsaamheid aan God na die onbekende erfenis weggetrek, die land Kanaän, maar hy het dit nooit in besit geneem nie. Hy was sy hele lewe in die beloofde land 'n vreemdeling, letterlik 'n uitlander. Hy was 'n rondtrekker sonder vaste woning, hy het in tente gewoon. Hy het gesterf sonder dat die belofte van die aardse beloofde land as besitting vir hom werklikheid geword het. Sy nageslag het die beloofde land eers baie jare later in besit geneem. Dit het egter niks aan Abraham se geloof verander nie, want die werklike land van belofte was nie vir hom Kanaän nie, maar die hemelse woning. Hy het uitgesien na die stad wat fundamente het, waarvan God die Boumeester en Oprigter is (vs 10).

Soos Moses die beloofde land net uit die verte konsien, so het Abraham en die aartsvaders ná hom hierdie stad net uit die verte gesien. Met hulle verlange na hierdie stad het hulle bely en erken dat hulle op aarde net bywoners en vreemdelinge was. Dit was dan ook die rede waarom die stryd op hierdie aarde hulle nie van koers gedwing het in hulle geloof nie. As jy net leef met die oog op hierdie wêreld en die dinge wat hier gebeur, raak jy bang, uitsigloos en toekomsloos. Ons moet in die geloof ook verlang na die stad wat God vir ons berei het. Ons moet die oog op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof, hou (Heb. 12:1). As ons dit doen, sal ons in hierdie deurmekaar wêreld kan koers hou, moed hou en op die geloofspad volhard. Dan sal die dinge wat hier gebeur, ons nie bevrees, moedeloos, uitsigloos en toekomsloos maak nie. Ons weet en bely dat ons op hierdie aarde ook net vreemdelinge/uitlanders en bywoners is wat ter wille van Christus na hierdie stad van God op pad is.

*Sing: Psalm 48:5 (1936)*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*